Paasfees 2020

Paasfees is ‘n hoogtepunt op elke Christen se kalender. Dit is tog waarom ons geloof draai – dat Jesus vir ons sondes aan die kruis gesterf het en so vir ons die ewige lewe beërwe het. Sò weet ons ook dat Hy ‘n God van ongelooflike genade is.

Raak rustig en maak jouself reg om ‘n gedeelte van die pad saam met Jesus na sy kruisdood te stap. Gebruik die prentjies (deurdink dit wat uitgebeeld word/kleur dit in) om jou te help om in die moment vir elke stasie te wees. Jy kan ook dalk 8 hartjies (verteenwoordigend vir elke stasie) op ‘n oppervalk neersit of 8 “tea candles’ aansteek. Kyk wat in die huis beskikbaar is, en moenie bang wees om kreatief te wees in die opstel van jou eie stasis nie.

Vir die wat dalk nie Bybels het nie, of ‘n vertaling het wat moeilik lees, laai gerus die YouVersion toep af. Ek het die Die Boodskap weergawe afgelaai en gebruik. Probeer ook The Message 😊

1. Lees die teks stadig en deeglik deur.
2. Lees die vraag en oordink dit vir 2 tot 3 minute. Skryf dan jou gedagtes neer. Jy kan ‘n aparte vel papier gebruik wat jy in jou Bybel kan bêre.
3. Sluit die stasie af met die gebed.

Stasie 1 Angs in die tuin van Getsemane

Lees Lukas 22:39-46

Dink aan ‘n tyd wat jy werklik baie bang gevoel het.

_____

_____

_____

_____

_____

Gebed

God, U het bloed gesweet in U oomblik van angs. Help ons om wakker te bly want….
Deur U kruisdood het U die wêreld verlos.

Stasie 2 Jesus word gevange geneem

Lees Lukas 22:47-53

Dink aan 'n tyd wat jy onskuldig van iets beskuldig is. Hoe het jy daaroor gevoel?

_____

_____

_____

_____

_____

Gebed

God, die duisternis het sy uur gehad maar kon U nie oorwin nie want….

Deur U kruisdood het U die wêreld verlos.

Stasie 3 Petrus verloën Jesus

Lees Lukas 22:54-62

Dink aan 'n tyd wat jy oor 'n vriend geskinder of hom/haar verraai het.

_____

_____

_____

_____

_____

Gebed

God, die liefde wat U altyd aan ander betoon het, het gewen want….

Deur U kruisdood het U die wêreld verlos.

Stasie 4 Jesus word tot die dood veroordeel

Lees Matteus 27:20-26

Wanneer het jy teen die groep gegaan en opgestaan vir iets waarin jy glo?

_____

_____

_____

_____

Gebed

God, ons kruisig in so baie opsigte in ons eie wreedheid, gierigheid en onregverdigheid. Gee ons die krag om langs U te staan, selfs tot die dood, want….

Deur U kruisdood het U die wêreld verlos.

Stasie 5 Jesus word bespot

Lees Matteus 27:27-31

Dink aan 'n tyd wat iemand jou gespot het. Hoe het jy daaroor gevoel? Wat het jy daaromtrent gedoen?

_____

_____

_____

_____

Gebed

God, U is die Koning van die heelal! Deur die hale op u liggaam word ons genees. Ons eer U altyd want….

Deur U kruisdood het U die wêreld verlos.

Stasie 6 Simon help Jesus om sy kruis te dra.



Lees Matteus 27:32

Moes jy al iemand teen jou wil help? Wie was dit?

_____

_____

_____

_____

_____

Gebed

God, ons gee ons hande en harte aan U. Gee ons die krag om U helpers te wees want….
Deur U kruisdood het U die wêreld verlos.

Stasie 7 Jesus word gekruisig



Lees Lukas 23:32-43

Noem die naam van iemand wat jy ken of al van gehoor het wat sy/haar lewe vir 'n ander gegee het.

_____

_____

_____

_____

_____

Gebed

God, onthou ons in U ewige koninkryk waar ons U vir altyd sal loof en prys, want….
Deur U kruisdood het U die wêreld verlos.

Stasie 8 Jesus sterf op die kruis



Lees Lukas 23:44-46

Verbeel jou jy was by die kruisiging en het Jesus aan die kruis gesien sterf. Beskryf jou gevoelens.

_____

_____

_____

_____

_____

Gebed

Ons aanbid U Christus en prys U want….

Deur U kruisdood het U die wêreld verlos.

Maak ‘n kruis (wees so kreatief as wat jy wil wees) en hang dit aan jou kamerdeur as teken dat jy bereid is om jou kruis op te tel en Jesus te volg.